**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGING AANSOEK: LOMOND SAFARI 88KV KRAGLYN**
**OMGEWINGSMAGTIGING AANSOEK VERWYSINGSNOMMER: 2022-01-0005**

Hierdie kennisgewingbord dien om jou, as 'n moontlike Belanghebbende en Geaffekteerde Party, te laat weet van die voorgestelde aansoek om omgewingsmagtiging vir die volgende projek: Lomond Safari 88kV Kraglyn. Die Omgewingsmagtigingsaansoek sal by die Nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (die Bevoegde Owerheid) ingedien word ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA), 1998 (Wet No. 107 van 1998), soos gewysig, en die Omgewingsimpakstudieregulasies, 2014 (Regulasies ingevolge artikels 24(5) en 44 van die NEMA, 1998), soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021. Vir hierdie Omgewingsmagtigingsaansoek, sal 'n Basiese Omgewingsimpak proses uitgevoer word.

Die applikant, Eskom Holdings SOC Beperk, het Trans-Africa Projects aangestel, wat MuTingati Environmental and Projects aangestel het as die onafhanklike omgewingsevalueringspraktisyn vir die bogenoemde aansoekproses ingevolge Regulasie 12 van die Omgewingsimpakstudieregulasies (GNR. 982 van 4 Desember 2014, soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021). Die omgewingsevalueringspraktisyn voldoen aan die vereistes van Regulasie 13 van GNR. 982 van 4 Desember 2014, soos gewysig.

## PROJEK BESKRYWING

Die Safari Rural substasie is 'n 88/11kV substasie wat die South African Nuclear Energy Corporation SOC Limited (NECSA) voorsien. Die substasie word tans deur 2 x 88kV ondergrondse olie gevulde kabels vanaf die Lomond Hooftransmissie Substasie voorsien. Die kabels verloor soms druk wat lei tot 'n verlies aan toevoer na die Safari Rural substasie.

Om die bogenoemde situasie aan te spreek, het Eskom die volgende voorgestelde projek geïdentifiseer:

- Konstruksie van 'n 1 x 88kV “chickadee” kraglyn van ±2.3km vanaf die Lomond Hooftransmissie Substasie na Safari Rural substasie. Staal strukture sal gebruik word om die hoë spanning kraglyn te bou.
- 'n Deel van die 2 x 88kV ondergrondse olie gevulde kabels sal uitmekaar gehaal en afgeseël word.
- Die Safari Rural substasie sal opgeknap word deur ou en oortollige toerusting te vervang.

## PROJEK LIGGING

Projek eiendom: Gedeelte 0 van die Plaas Weldaba 567 JQ. Die projekterrein is geleë in die Madibeng Plaaslike Munisipaliteit, Bojanala Platinum Distriksmunisipaliteit, Noordwes Provinsie. Die projek ligging is geheel en al binne die grense van die NECSA Pelindaba-eiendom, geleë suid van die dorp Hartbeespoort, Noordwes Provinsie.

Projekterrein GPS-koördinate:

- Beginpunt (Lomond Hooftransmissie Substasie): 25° 48.141'S; 27° 56.315'E
- Eindpunt (Safari Rural substasie): 25° 48.067'S; 27° 55.111'E

## WETGEWING RELEVANT TOT DIE PROJEK

Die voorgestelde projek vereis Omgewingsmagtiging en 'n Basiese Omgewingsimpakstudieproses vir die volgende gelyste aktiwiteite ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies, 2014, soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021:

- **GNR. 983 van 4 Desember 2014 (Noteringskennisgewing 1), soos gewysig deur GNR. 327 van 7 April 2017 en GNR. 517 van 11 Junie 2021: Aktiwiteit 11:** Die ontwikkeling van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie en verspreiding van elektrisiteit–
  (i) Buite stedelike gebiede of industriële komplekse met 'n kapasiteit van meer as 33 maar minder as 275 kilovolt.
- **GNR. 985 4 Desember 2014 (Noteringskennisgewing 3), soos gewysig deur GNR. 324 van 7 April 2017 en GNR. 517 van 11 Junie 2021: Aktiwiteit 12:** Die skoonmaak van 'n gebied van 300 vierkante meter of meer van inheemse plantegroei behalwe waar sodanige opruiming van inheemse plantegroei vereis word vir instandhoudingsdoeleindes wat volgens 'n instandhoudingsbestuursplan onderneem word.
  (h) Noordwes.
  iv. Kritieke biodiversiteitsgebiede soos geïdentifiseer in sistematiese biodiversiteitsplanne wat deur die bevoegde owerheid aanvaar is.

Die aansoek om omgewingsmagtiging sal mettertyd by die bevoegde owerheid ingedien word.

Die volgende verslae is van toepassing op hierdie aansoek om Omgewingsmagtiging:

- 'n Basiese Evalueringsverslag in ooreenstemming met Bylaag 1 van die Omgewingsimpakstudieregulasies, 2014, soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021; en
- 'n Omgewingsbestuursprogram in ooreenstemming met Bylaag 4 van die Omgewingsimpakstudieregulasies, 2014, soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021.

## PUBLIEKE DEELNAME PROSESSE

Die publieke deelname prosesse vir hierdie aansoek word uitgevoer volgens die vereistes van Hoofstuk 6 van die Omgewingsimpakstudieregulasies van 4 Desember 2014, soos gewysig op 7 April 2017 en 11 Junie 2021, en die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 14 van 2013) (POPIA). Volledige besonderhede word gegee in die Agtergrondinligtingsdokument wat by die omgewingsevalueringspraktisyn verkrygbaar is.


Indien u as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party vir die voorgestelde projek wil registreer, en daarna op hoogte gehou word van die vordering van die projek, versoek en voltooi asseblief die Belanghebbende en Geaffekteerde Party registrasievorm (verkrygbaar by die omgewingsevalueringspraktisyn). Indien u nie 'n bevestiging van registrasie ontvang nie, bevestig asseblief dat ons u registrasievorm ontvang het. Alternatiewelik kan u ook u naam, kontakinligting en belangstelling in die aangeleentheid skriftelik by die omgewingsevalueringspraktisyn indien deur die kontakbesonderhede hieronder gegee.

Soos vereis in die Omgewingsimpakstudieregulasies, is 'n koerantadvertensie in die Kormorant koerant geplaas op die 3de Maart 2022.

Die konsep Basiese Assesseringsverslag sal vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 4 April 2022 beskikbaar wees vir publieke hersiening en kommentaar (geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye sal ook in kennis gestel word sodra die verslag beskikbaar is). Elektroniese afskrifte van die verslag sal per e-pos of WhatsApp aan geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye verskaf word. Stel ons asseblief in kennis indien u 'n harde of sagte kopie (CD) van die verslag verlang sodat ons kan reël dat dit na u gekoerier word. 'n Harde kopie van die konsep Basiese Assesseringsverslag en konsep Omgewingsbestuursprogram sal ook by die Hartbeespoort- en Brits biblioteke geplaas word vir besigtiging vanaf 4 April 2022.

Indien u enige verdere inligting benodig, kontak gerus die Omgewingsimpakbepalingspraktisyn:

**MuTingati Environmental and Projects**
**Lizette Kloppers**
**Tel: 061 524 2211**
**E-pos: lizette@earthnsky.co.za / lizette.earthnsky@gmail.com**
**Faks tot E-pos: 086 552 6837**




Eskom TRANS-AFRICA PROJECTS MuTingati